



Weeskind Matteus kry 'n familie

Matteus Jose het op driejarige ouderdom wees geword. Hy het nooit sy ma geken wat met sy geboorte dood is nie, en sy pa is 'n paar jaar later oorlede. Hy is in hul landelike dorpie in die sentrale deel van Mosambiek deur sy ouma grootgemaak. Toe sy ook tragies sterf, was Matteus alleen met niemand om vir hom te sorg nie. Hy het so goed hy kon probeer oorleef met die karige middele wat beskikbaar was.

Hy het gesien hoe sy vriende gelukkig in familie-eenhede ingewortel is. Hy het uitgesluit gevoel van normaliteit en sekuriteit. Op 'n dag het dit by die skool gegons oor 'n nuwe kerk wat sou open. Op soek na verbondenheid het Matteus, nou 'n tiener, besluit om hierdie plek te besoek.

Toe hy Harvesters se nuutgeplante kerk binnestap, is hy met ope arms verwelkom. Hy is na 'n dissipelskapsgroep vir tieners uitgenooi en na 'n paar studiesessies saam met hulle het hy die lewensveranderende besluit geneem om Jesus te volg!

"Skielik het ek 'n familie," glimlag hy.

Harvesters Ministries het Matteus se kerk in Oktober 2021 tydens 'n Bybelverspreidingsreis besoek. Tien duisend Bybels

in die plaaslike taal, Jeugbybels, evangelisasiehoopmiddels en Sondagskoolmateriaal is uitgedeel.

Matteus was verheug om sy eie Portugese Jeugbybel vol oordenkings te ontvang om hom op sy geloofsreis te help. Hy het ook 'n Lewende Bal – 'n evangelisasiehoopmiddel met die Evangelieboodskap op 'n sokkerbal gedruk – ontvang.

"Ek het 'n manier gekry om die verhaal van Jesus te vertel terwyl ons pret het," het hy bly gesê.

Toe Matteus vir 'n foto poseer, is hy omring deur baie kinders wat nie kon wag om die Evangelieverhaal van Jesus Christus te hoor nie. "Hy is 'n natuurlike leier," berig die Harvesters-span.

Danksy plaaslike kerkplanters en skenkers soos jy het Matteus 'n familie gekry deur by 'n nuutgeplante kerk aan te sluit. ✉

Ook in hierdie uitgawe:

- 2 Die Ivoorkus word vir Christus gewen
- 4 Maak die weg oop vir die wêreld om Jesus te ken



Die Ivoorkus word vir Christus gewen

Verbeel jou vreugdevolle sang, tromslae, voete wat stamp en hande wat klap. Dit is die klanke wat opklink in kerke in die Ivoorkus terwyl Harvesters Ministries se opleiding plaasvind.

Gedurende Maart het Herbie Venter, streekdirekteur vir Wes-Afrika, die Ivoorkus besoek om leraars op te lei, evangelisasiegeleenthede te hou en die Harvesters-model vir splinternuwe groepe leiers aan te bied. Dit was 'n vrugbare reis.

WAAR ALLES BEGIN HET

Die werk van Harvesters Ministries in die Ivoorkus het in Mei 2018 'n aanvang geneem. Die “visualiseringsfase” het begin toe Herbie gegaan het om die Harvesters-kerkplantingsmodel vir 'n groep van ongeveer 200 leraars in Abidjan—die ekonomiese hoofstad en die grootste stad—aan te bied.

“Die meeste leraars het nie geweet hoe om hul kerke vorentoe te neem nie,” sê Herbie. “Hulle het nie geweet hoe om te evangeliseer nie, hulle het nie geweet hoe om kerke te plant nie, hulle het nie geweet hoe om dissipels te maak nie.”

Hierdie leraars het Harvesters se program gretig aanvaar en Herbie het in September 2018 teruggekeer om

van almal se verbintenis. Teen Februarie 2019 het die groep Fase A voltooi. Hul reis het begin!

DIT HET GOU VLAMGEVAT

“Hulle het hul kerke vermenigvuldig,” berig pastoor Maurice Mulenga, Harvesters se gelisensieerde opleier vir die Ivoorkus. “Wat hulle ook al geleer het, het hulle toegepas. Daar was leraars wat net een of twee kerke geplant het. Vandag het party van hulle 9 of 11 kerke geplant!”

Baie van die leraars sou lang afstande na die opleidingsessies aflê en hulle het begin vra of Harvesters Ministries ander stede ook kon besoek sodat ander leraars ook opgelei kon word.

In November 2019 het Herbie die kursus vir meer as 60 leraars in Bouaké, die tweede grootste stad, en 175 in Daloa, die derde grootste stad, aangebied. Dit beteken Harvesters lei leraars op en plant kerke in en om die Ivoorkus se drie grootste en invloedrykste stede.

Bouaké is 'n oorheersend Moslemstad en Daloa het baie toordery. Harvesters lei plaaslike leiers op en rus hulle toe om te evangeliseer, mense dissipels te maak en kerke te plant in vyandige omgewings.



Bouaké is 'n oorheersend Moslemstad en Daloa het baie toordery. Harvesters lei plaaslike leiers op en rus hulle toe om te evangeliseer, mense dissipels te maak en kerke te plant in vyandige omgewings.



TERUGKEER

In Maart vanjaar het Herbie Wes-Afrika weer besoek nadat hy deur Covid-19 gestrand gelaat is. Die mense was verheug en het vreugdesliedere gesing!

Maart is die warmste maand van die jaar in Abidjan. Toe die son opkom, het Herbie begin met die eerste van drie dae se Fase D-opleiding met 97 leiers. Hulle het deur die pandemie oor hul vordering verslag gedoen. "Agt-entertig hulleiers het berig dat hulle daarin geslaag het om 201 nuwe kerke te plant met nuwe studenteleraars en baie dissipels!" sê Herbie. "Al die eer aan God!"

Na hierdie verstommende begin vir sy reis het Herbie na Bouaké en Daloa gereis om Fase C-opleiding aan te bied. "Daar was 'n goeie bywoning van 87 leiers in die stad Bouaké en 120 leiers in die stad Daloa," berig Herbie.

Weer het die pandemie hulle nie teruggehou nie! Een-en-vyftig leiers in Bouaké het vertel dat hulle daarin geslaag het om 115 nuwe kerke te plant en 107 leiers in Daloa het 283 nuwe kerke aangemeld. "Dankie, Here, vir toegewyde leraars, al die eer en heerlijkheid aan God!" juig Herbie.

NUWE TERREINE

Die werk in die Ivoorkus groei bestendig en die begeerte om vir die bediening toegerus te word, is sterk. Tydens sy besoek het Herbie ook die hoofstad, Yamoussoukro, besoek om die Harvesters-model vir die eerste keer aan te bied.

Na twee dae van evangelisasie-opleiding is die 86 leiers uitgedaag om die strate in te vaar en te evangeliseer. Vyftien groepe het vir ongeveer drie ure uitgegaan om die Evangelie te deel en die Goeie Nuus onder die mense te versprei. "Wat 'n groot opgewondenheid," onthou Herbie, "toe hulle terugkom en getuig dit was so maklik om met die mense oor Jesus te praat."

Een-honderd-drie-en-twintig mense het hulle daardie dag tot die Here Jesus verbind! Daar sal dissipels van hulle gemaak word in nuwe kerkplantings in en om Yamoussoukro.

"Die leiers van Yamoussoukro het nou 'n duidelike roeping, visie en doel: gaan maak dissipels en plant kerke deur evangelisasie," sê Herbie.

Bid saam met ons dat die mense van die Ivoorkus vir Christus gewen sal word. 🙏



123

**MENSE
GERED**



207

**LEIERS
VOLTOOI
FASE C-
OPLEIDING**



97

**LEIERS
VOLTOOI
FASE D-
OPLEIDING**



599

**NUWE KERKE
DEUR
EVANGELISASIE
GEPLANT**



1

**NUWE STAD
GAAN OOP**

Maak die weg oop vir die wêreld om Jesus te ken

Die Evangelie kry momentum terwyl dit oor die wêreld heen beweeg. Word bemoedig deur hierdie mylpale wat ons reeds bereik het – en word geïnspireer deur die mikpunte wat kom!

1998:

Harvesters Ministries word deur Steven Loots gestig.

2004:

500 nuwe kerke word in Oos-Afrika geplant.

2012:

100 000 Bybels word in plaaslike tale versprei.

2019:

65 000 nuwe kerke word geplant.

Mikpunt vir 2030:

Bereik een miljoen kerke wat geplant is!

2000:

27 nuwe kerke word in Malawi en Zambië geplant.

2006:

Bibles for Believers-projek word bekend gestel.


2018:

54 700 nuwe kerke word geplant.

Mikpunt vir 2022:

25 000+ nuwe kerke moet geplant word.

Skakel met Harvesters Ministries op enigeen van ons platforms:

-  Facebook – www.facebook.com/harvestersmin
-  Instagram – www.instagram.com/harvestersministries
-  YouTube – www.youtube.com/c/HarvestersMinistries
-  Twitter – www.twitter.com/HarvestersMin
-  Website – www.harvestersministries.com

Bankbesonderhede vir direkte inbetalings:

Harvesters Ministries, ABSA Bank,
Rekeningnr: 4075041297, Takkode: 632005
Verwysing: "NE0522"+[jou naam]


Meer opsies om te gee:

Besoek ons webblad om aanlyn te gee.

Nou kan jy ook met **kripto geldeenhede** gee



Of volg die qr kode om via Zapper of SnapScan te gee ...



Baie dankie vir jou volgehoue ondersteuning!

Harvesters MINISTRIES

HARVESTERS MINISTRIES IS 'N GEREISTREERDE NIE-WINSGEWENDE- EN OPENBARE WELDAADSORGANISASIE ORGANISASIE (NPO EN PBO).

WhatsApp: **064-809-6326**
(stuur jou naam en van en ons sal jou kontak).

Telefoon: **021-300-5629**

E-pos: **info@harvestersministries.com**

Posdres: **Freepost CB11432 • Strand, 7139**
(Geen posgeld nodig nie indien binne Suid-Afrika gepos word).

Fisiese Adres: **Eenheid 9, Tazra Park 2 • Stuart Close • Somerset West Business Park • Somerset-Wes, 7130**

Tree met Harvesters Ministries in verbinding indien jy wil hê ons moet die gratis Dissipelmakerskursus by jou kerk kom aanbied.

Opening the Way